REEKS: 7C's...

KLEINGROEP ONTMOETING 1

#1C = Cross

A: KOFFIE

Elkeen kry 'n koppie koffie in die hand – deel met mekaar hoe julle dag/week was.

B: GEBED

Iemand wat bereid is, kan met 'n kort gebed open.

C: VIDEO-GREEP

Kyk saam na die volgende 3 min video van Rob Bell: The Cross
https://www.youtube.com/watch?v=kCw5qJtUUkk

D: WANDEL IN DIE WOORD

Vra iemand om die volgende te lees:

Teks gedeelte: Efesiërs 2:11-22

[13]Maar nou is julle een met Christus Jesus. Julle wat vroeër ver van God gelewe het, het nou naby gekom deur die bloed van Christus. [14]Christus is ons vrede, Hy wat dié twee, Jode en nie-Jode, een gemaak het. Deur sy liggaam te gee, het Hy die vyandskap afgebreek wat vroeër soos 'n muur skeiding gemaak het. [15]Die wet van Moses met al sy gebooie en bepalings het Hy opgehef, en deur vrede te maak, het Hy in Homself dié twee, Jode en nie-Jode, tot een nuwe mensheid verenig. [16]Deur sy dood aan die kruis het Hy 'n einde gemaak aan die vyandskap en dié twee met God versoen en tot een liggaam verenig.

Nog teksgedeeltes:

Mark 15:15,24; Rom 5:10; Gal 3:13; 1 Kor 1:18,23, Kol 2:14

E: GESELS SAAM

Maak beurte in die groep om oor 1 of meer van die volgende te gesels:

1. As jy 'n kruis sien, wat is die eerste ding waaraan jy dink?
2. Wat beteken versoening?
3. Hoekom is Jesus se dood aan 'n kruis nodig om versoening tussen God en mense te bring?
4. Wat beteken dit dat deur die bloed van Christus ons nie meer ver van God af is nie, maar **naby aan God** gekom het?
5. Watter verhouding of situasie in my lewe het versoening met God nodig?

F: UITDAGING VIR DIE WEEK

Groep besluit self op 'n aktiwiteit om hierdie week se boodskap prakties uit te leef. Fokus op die betekenis van die kruis in jou lewe.
Voorbeelde: Is daar iemand met wie jy moet versoen? Sit 'n kruisie iewers in julle huis neer wat almal sal herinner wat God vir ons kom doen het.

Die volgende lied van Retief Burger (Deur die Kruis) verduidelik die betekenis van die kruis baie mooi. Maak dit jou temalied vir die week:
https://www.youtube.com/watch?v=qA2l6X5fpuw

G: GEBED & SAAMKUIER

Vra vir spesifieke gebedsversoeke. Gee geleentheid vir gebed.
Kuier nog bietjie saam ☺

REEKS: 7C's...

KLEINGROEP ONTMOETING 1
#1C = Cross GESPREKSRIGLYNE
(Ds Cor Swart)

ONTHOU…

Die volgende riglyne kan help om moeilike vrae in die gesprek te hanteer asook om saam te groei in ons geloof en verstaan van God:

Die kruis is seker die bekendste Christelike simbool wat daar is. In die eerste drie eeue na Christus, is die kerk wreed deur die Romeinse ryk vervolg. Konstantyn was die eerste Romeinse keiser wat 'n Christen geword het. Die verhaal word vertel dat Konstantyn tydens sy geveg met Maksentius 'n visioen van 'n kruis gesien het met die woorde "met hierdie teken sal jy oorwin". Die kruis wat vir eeue as 'n vloekhout gesien is (sien Gal 3:13) en vir die Jode 'n aanstoot was (sien 1 Kor 1:23), het nou 'n teken van oorwinning en die simbool van die Christendom in die Romeinse ryk geword.

Die betekenis van die kruis word baie mooi in Efesiërs 2:11-22 duidelik. Jesus se dood aan die kruis en opstanding (as ons van die kruis praat, impliseer ons altyd daarmee saam Jesus se opstanding!) het alles kom verander.

Voor die kruis:

- Is nie-Jode (heidene / onbesnedenes) uitgesluit van God se verbondsvolk en Sy beloftes. Jy moes van geboorte 'n Jood en besny wees om deel van die volk van God te wees.
- Mense was ver van God (het nie direkte toegang tot God gehad nie).
- Mense het in vyandskap met God geleef as gevolg van ons sonde.
- Mense was sonder hoop en sonder God in die wêreld.
- God is slegs in die tempel en deur wetsonderhouding te vind.

Onthou:
Deur die kruis is ons → vrygemaak
Deur die kruis is ons → straf gedra
Deur die kruis → kan ons kom na die Vader
Deur die kruis → word ons nuwe mense!

Versoening beteken eenvoudig om verhoudings te herstel, om vrede te bring tussen twee party.

Deur die kruis:

- Word alle mense ingesluit in God se verbondsvolk en deel in Sy beloftes.
- Jode en nie-Jode word verenig in een nuwe mensheid.
- Die vyandskap tussen God en mense word beëindig (daar kom herstel!).
- Die skeidingsmuur tussen God en mense word afgebreek. Deur die Gees is daar is nou vrye toegang tot God.
- Jesus bring vrede → versoening vir ons sondes (die prys is betaal – Kol 2:14)
- God is nie meer ver nie, maar het **naby** gekom
  - Gelowiges word die huisgesin van God
  - God woon in hierdie geestelike huis (in elke gelowige)

Jesus se offer aan die kruis het vrede tussen God en mense gebring